

Suider-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT)

Die Suider-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT) is die grootste teleskoop in die Suidelike Halfrond, geleë net buite Sutherland in Suid-Afrika. Sterrekundiges gebruik teleskope soos SALT om die planete, sterre en galaksies te bestudeer.

HOE SALT WERK

Die SALT teleskoop het 'n enorme spieël wat die sterlig opvang. SALT het nie 'n teleskoop-buis nie, maar slegs 'n pyraamwerk om die volgmeganisme en loonvrag aan die bopunt van die teleskoop in posisie te hou. Die hele struktuur weeg 85 ton. Die loonvrag bevat detektors wat foto's van die naghemel kan neem.



WAAR IS SALT?

SALT is in die Karoo gebou waar daar geen groot dorpe naby is nie en die naghemel daarom pikdonker is. Dit is ook nie baie bewolk nie en dit reën baie min in dié streek, ideale toestande sodat sterrekundiges dowwe sterre en galaksies goed kan sien.



© Atlantis Panel & Helicam (SALT)

SALT SE SPIEËL

SALT se massiewe spieël bestaan uit 91 individuele seskantige segmente. Elke segment is 1 m in deursnee en weeg 100 kg. Die totale grootte van die spieël is 11 x 9 m.



© S. Potter (SAAO)

HOE SALT DIE STERRE VOLG

Net soos die Son oor die hemel beweeg gedurende die dag, so beweeg die sterre snags. Die teleskoop moet dus die sterre volg soos hulle beweeg. Die volgmeganisme bo-op SALT volg hierdie stadige beweging van die sterre.



SAAO

South African
Astronomical Observatory

